

PREEKSKETS

BOODSKAP

In elke land is daar 'n baie spesiale prysuitdeling.

- Grammy awards
- Artes
- Oscar
- Vooraf word klom kunstenaars genomineer vir dit wat hulle gedoen het.
 - beste regisseur
 - beste akteur
 - beste draaiboek
- En wanneer die groot aand aanbreek sit die saal volgepak.
- Almal op uitnodiging daar.
- En daar is so opgewonderheid en afwagting.
- Wie gaan die trofee kry?
- Wie gaan aangewys word as die wenner?

Psalm 98 gaan oor so 'n prysuitdeling.

- Die hele wêreld se mense sit in die saal.
- Dis volgepak.
- Miljoene en miljoene mense sit in die saal.
 - Die Suid-Afrikaners is daar.
 - Die Duitsers.
 - Die Ameriakners.
 - Afghanistan.
 - Pakistan.
 - Die Palestyne.
 - Israel.
 - Zimbabwe.
 - Elke lieve nasie onder die son.
- In afwagting op die aankondiging van wie gewen het.

En dan kom die aankondiging oor die mikrofoon.

- God is die wenner.
- Hy is die oorwinnaar.
 - Hy het groot dinge gedoen wat niemand nog ooit gedoen het nie.
 - Hy het 'n heelal geskep met miljoene en miljoene sterrestelsels.
 - Hy het mense geskep: verskillende tale en voorkomste.
 - Diere wat kruip en diere wat loop.
 - Voëls.
 - Visse - miljoene en miljoene.
 - Bome en Plante
 - Maar dis nie al nie.
 - Hy het oorwin.
 - Toe sonde in die skepping inkom en dreig om dit te verwoes het Hy ingegeryp.
 - Hy het self 'n mens geword.
 - Hy het tussen die mense kom bly
 - En toe op 'n dag, het Hy gesterf vir Sy skepping.

- Hy het Sy reddingsdade vir almal gewys.
 - Hy het Sy dissipels na die uithoeke van die aarde gestuur om dit vir almal te vertel.
 - Hy het Sy Gees gestuur om hulle toe te rus om vir almal te vertel.
 - Sodat elke nasie dit kan hoor.
- Ja, die wenner is God.

En die hele saal staan in verwondering wanneer God op die verhoog op stap.

- Die hele skepping kom tot stilstand.
 - Mens en dier.
 - Voëltjies hou op om te fluit.
- In die saal is daar 'n stilte wat daar nog nooit was nie.

Dan stap die aankondiger na vore en roep uit met 'n helder stem:

- Sing vir die Here 'n nuwe lied.
- Almal op aarde, wees vrolik, juig en sing!
- Speel op die lier en sing.
- Blaas die trompet
- Blaas die ramshoring
- Jubel tot eer van die Here, die Koning.

Ja sing vir Hom 'n nuwe lied, want Hy het groot dinge gedoen.

En die volgende oomblik breek die hele saal los met 'n nuwe lied.

- 'n lied wat nog nooit gesing is nie.
- 'n Splinernuwe lied.

En buitekant dreun die see saam.

En die riviere klap hande.

En die berge begin om te juig.

- Want God het oorwin.
- Hy is die groot Oorwinnaar.

Daar is tye wat die ou liedere net nie meer goed genoeg is nie.

Tye wanneer daar iets so groot gebeur, dat mense 'n nuwe lied wil sing.

- En dis nie net eendag wat ons 'n nuwe lied gaan sing nie.
- Dis iets wat nou reeds gebeur.

Die hele geskiedenis is vol van mense wat so 'n aandoenlike ontmoeting met God gehad het, dat hulle 'n nuwe lied geskryf het.

- Moses
 - uit Egipte
 - God het hulle bevry
 - deur die rooisee
 - Anderlant: sing 'n nuwe lied.
 - 'n Lied wat nog nooit gesing is nie
 - Lees gerus Ex 15
- Debora se loflied.
 - Sisera en Jabin verslaan
 - Oorwiing oor die Kaanaaniete
 - Sing 'n nuwe lied (Rigt 5)
- Dawid se liedere.
 - Elke keer wanneer God iets in sy lewe gedoen het - nuwe lied...

-
- Maria se loflied
 - Engel bring die nuus dat Maria swanger gaan word.
 - Wat doen Maria?
 - Sy sing 'n nuwe lied (Luk 1)
- Sagaria se loflied.
 - Nadat Johannes die dooper gebore is
 - Wat doen sy pa?
 - Hy sing vir die Here 'n splinternuwe lied.
 - 'n Lied wat niemand nog ooit gesing het nie.
- Ja, elke keer wanneer mense 'n ontmoeting met God gehad het, het daar 'n nuwe lied ontstaan.
 - John Newton, die slawehandelaar: Amazing Grace
 - Fanny Crosby, blind: Blessed Assurance
 - HL Schriener (bruid verdring): Wat 'n vriend
 - Horatio Spafford, nadat al sy kinders verdrink het: It is well with my soul.

Mense wat 'n ontmoeting met God gehad het, het nog altyd gesoek na 'n nuwe lied om hulleself uit te druk.

- En daarom mag ons nooit ophou om nuwe liedere te skryf nie.
- Want al die liedere in die wêreld is nie genoeg om Hom groot te maak nie.
- Al die liedere wat nog ooit geskryf is, is nie genoeg om Hom te eer nie.

Ons is vandag dankbaar oor 'n nuwe liedboek.

Maar ons weet reeds dat dit nie genoeg is om God se eer te sing nie.

- Dit is steeds 'n grootmens-liedboek, met baie min liedere vir kinders.
- Daar is steeds 'n groot tekort aan eenvoudige, maklike aanbiddingsliedere.
- In kort: dit is steeds 'n Psalm en Gesangeboek.

En daarom neem ons die nuwe liedboek met groot vreugde in gebruik.

Maar saam met die nuwe liedboek, wil ons in hierdie gemeente steeds gebruik maak van elke ander lied wat geskryf is deur mense wat 'n ontmoeting met God gehad het.

- Ons wil steeds saam met die kinders kinderliedjies sing.

En as ons vandag 'n nuwe lied sing,

doen ons dit vir ons Koning.

Met elke moontlike lied tot ons beskikking.

Met elke moontlike instrument tot ons beskikking.

Met elke moontlike stem tot ons beskikking.

Want die Here is waardig om geloof en geprys te word.

Die Bybel sluit af met die skare voor die troon in Openbaring.

- Besig om 'n nuwe lied te sing.
- Mense wat deur God aangeraak is, het nie alleen 'n nuwe hart in hul binneste nie, maar ook 'n nuwe lied op hulle lippe.

Daarom is my gebed:

Mag ons in die NG Kerk werklik 'n nuwe lied sing.

- Nie omdat ons 'n nuwe liedboek het nie.
- Maar omdat ons 'n wonderlike ontmoeting met God gehad het.